

### **13.3 RAPPORT 3: BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – EIENDOMSAANGELEENTHEDE (Art 157)**

- A. Die Sinode konstitueer as ledevergadering.
- B. Br MC Erasmus lewer die Rapport.
- C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

#### **D. RAPPORT**

##### **1. Jan Lion Cachet Biblioteek**

Die verklikkerhek in die Jan Lion Cachet biblioteek het na jare se gebruik buite werking geraak en moes vervang word om te voorkom dat boeke uit die biblioteek verdwyn. Die vervanging daarvan het 'n bedrag van R177 242.00 beloop waarvan die NWU vir die helfte van die koste ingestaan het.

##### **2. Opknop van dakke**

Dit was noodsaaklik dat die dakke van die Teologiese Skool en die Administratiewe Buro afgeskuur (roesverwydering) geseël en oorgeverf word. As gevolg van die hoë koste daaraan verbonde, is dit in drie fases gedoen. Eers die Teologiese Skool, gevolg deur die dak van die Sinodesaal en toe die dak van die Administratiewe Buro kantoor kompleks. Die koste aan slegs die laaste fase het R51 843.78 beloop.

##### **3. Senaatsaal TSP**

Met die vergroting van die Kuratorium (2009), kon die Senaatsaal met die oorspronklike uitleg en aantal sitplekke, nie verder as vergaderlokaal gebruik word nie. Ten einde die behoefte aan te spreek, is die moontlikheid ondersoek om die saal van nuuts af oor te doen. Dit sou egter met baie hoë koste gepaard gaan. Die meubels wat in die Senaatsaal van die Teologiese Skool te Hammanskraal gebruik was, is destyds hierheen verskuif en in goeie toestand. Bowendien pas dit goed aan by dit wat in die Senaatsaal is en kon daar met klein verskuiwings 6 tafels en 12 stoele op so 'n wyse by die bestaande gevoeg word dat dit geensins afbreuk doen aan die karakter van die Senaatsaal nie.

Die Senaatsaal bied nou genoeg sitplek vir die Kuratorium sowel as aan Deputaatgroepe. Die nuwe uitleg gee konkrete gestalte aan die eenheid wat sedert 2009 in die GKSA tot stand gekom het.

##### **4. Historiese geboue**

Die historiese geboue word met beperkte fondse so goed moontlik in stand gehou. Die netjiese toestand waarin die huurder, br Izak Potgieter en sy vrou Marietjie, Krugerskraal (geboue en terrein) hou, dien vermelding.

##### **5. Verhuring van eiendom**

- 5.1 Daar word gepoog om die Sinodesaal en fasiliteite teen markverwante tarief optimaal te verhuur.
- 5.2 Die gedeelte van die Administratiewe Buro wat nie self gebruik word nie, word steeds teen markverwante tarief aan die Regskliniek van die NWU verhuur.
- 5.3 Die 5 wooneenhede van Cachethuis word teen baie billike tarief aan behoeftige studente wat met hulle studies as predikante van die GKSA besig is, verhuur.

##### **6. Beplanning vir die toekoms**

- 6.1 Die kombuis by die Sinodesaal sowel as langs die Senaatsaal (TSP) is verouderd en die Eiendomskomitee beplan om dit op te knap.

6.2 Met die verkoop van die stuk grond waarop die Fakulteit Teologie van die NWU se gebou opgerig is, is 'n geldige staande punt van die ooreenkoms tussen die drie partye (GKSA, NWU en GK Potchefstroom-Die Bult), dat gemeenskaplike sake soos instandhouding van die terrein, veiligheid en toegangsbeheer gesamentlik aangespreek sal word.

Sedert daar in 2003 'n palissadeheining opgerig is, is daar nie verder gegaan met toegangsbeheer op die perseel nie. Die partye is dit eens dat dit nou noodsaaklik geword het, om ter wille van veiligheid, 'n werkbare en effektiewe toegangsbeheerstelsel in plek te kry. Die koste hieraan verbonde sal tussen die partye gedra moet word.

**Besluit: Met dank kennis geneem van punte 1 tot 6.2.**